

uself begin sien as 'n geestelike steunpilaar vir al die goeie werk wat in en deur u parogie gedoen word. Bid ook vir die terugkeer van Katolieke wat afgedwaal het van hul geloof, vir mense wat sonder geloof groot geword het en mense op soek na die sin en betekenis van die lewe. Geen parogie is perfek nie en selfs die beste paragies kan verbeter. Dink net wat sal gebeur as elkeen in u parogie net een dingetjie doen om die parogie 'n beter plek te maak!

### Vier Dinge wat skade doen aan 'n Parogie

♦ **Negatiwiteit.** Negatiwiteit begin gewoonlik met 'n paar ontevrede mense wat oor alles kla en versprei dan soos 'n veldbrand. Die beste manier om negatiwiteit te hanteer is om reguit die volgende vrae te stel. Is dit wat die persoon sê waar? Indien ja, wat moet gedoen word om die probleem aan te spreek? Indien nee, moet die persoon aangevat word en die negatiwiteit ontbloot word.

♦ **Skinder.** Skinder is negatiwiteit wat teen 'n spesifieke persoon of groep in die parogie gemik is. Elke parogie het maar 'n paar skinderbekke wie se eie onsekerheid maak dat hulle net beter kan voel oor hulleself deur ander af te kraak. Die beste is maar om hulle direk aan te spreek en hulle te vra waarom ander mense nodig het om te hoor wat hulle te sê het of hoe ons die persoon wat geteiken word se reputasie kan help.

♦ **Klieks.** Dis ongelukkig so dat mense wat by 'n kliek betrokke is nie hulleself as 'klikekerig' beskou nie. Miskien doen hulle dinge al so lank op dié manier dat hulle oor en oor op dieselfde mense staatmaak. Soms moet 'n mens hulle net vriendelik daaraan herinner om ander ook 'n kans te gee. Nuwelinge kan daarby baat – en so ook die parogie help – deur hulle eie nuwe bedieninge, organisasies en funksies te begin.

♦ **Weiering om te verander.** Tradisie is goed, maar wanneer paragiane rigied raak en dinge net gedoen word op die manier “soos dit altyd gedoen is,” dan kan 'n parogie vinnig begin agteruitgaan. Verandering is nooit maklik nie, maar om daarvoor te praat kan help. Vind 'n balans tussen sommige ou tradisies, en nuwe maniere van dinge doen deur nuwe mense.

### Sewe Dingetjies Wat Elkeen Kan Doen

1. Dink aan iets wat u aangeraak het in die voorlesings, musiek, homilie of u eie Kom-munie oorpeinsing tydens die Heilige Mis. Deel dié geestelike insig met 'n gesinslid of vriend.
2. Bid vir die siekes en lydendes in u parogie.
3. Praat oor die goeie dinge wat in die komende week in die parogie gaan gebeur.
4. Bied aan om 'n gesinslid of vriend wat dit moeilik het aan die priester of parogiebedienaar voor te stel.
5. Vra nuwe intrekkers in u buurt of hulle dalk belangstel om u parogie te leer ken.
6. Nooi iemand wat alleen woon uit om saam met u die Heilige Mis by te woon.
7. Neem die nuusbrief na iemand wat siek of bedlêend is.


### 'n Gebed vir My Parogie

Genadige en liefdevolle God, ons vra U om u Heilige Gees oor ons Parogie te stuur en ons met liefde te vervul. Maak ons instrumente van u liefde vir almal wat ons tuis, by die werk, in ons woonbuurt en in ons parogiegemeenskap teëkom. Werk deur ons sodat ons u waarheid kan bring aan hulle wat na U soek. Help ons groei in dankbaarheid sodat ons U in al die goeie gawes wat U ons skenk sal herken en U daarvoor dank. Maak ons waarlik vrygewig sodat ons bereid sal wees om ons gawes, ons talente, ons tyd en ons geldelike hulpbronne te deel. Verdiep in ons die begeerte om u Wil te volg en alles tot u eer en heerlijkheid te doen. Ons vra dit deur Jesus Christus, Onse Here en Heiland. Amen

### Gebed in Aksie:

Doen hierdie week een ding wat van u parogie 'n beter plek sal maak.

## 6 MANIERE HOE EK MY PAROGIE KAN VERBETER



**Vandag verwag ons dat parogiane waarlik hul parogie sal toe-eien en eienaarskap daarvan sal neem.** Dit beteken dat u die parogie as meer moet sien as net die plek waar u Mis bywoon. 'n Parogie kan :

- ◇ 'n gewyde plek wees waar God en mens mekaar ontmoet, waar mense van alle ouderdomme sal groei in kennis en begrip van wat dit beteken om 'n volgeling van Jesus Christus te wees.
- ◇ 'n plek wees waar mense geestelike voedsel, begeleiding, inspirasie en krag vind – nie net van die priester nie, maar ook van mekaar.
- ◇ 'n geestelike tuiste waar mense mekaar se vreugde deel, mekaar in tye van smart bystaan, hulle wat dit moeilik het bemoedig en almal help wat deur die beproewinge en tragedies van die lewe gekwets of seergemaak is.
- ◇ 'n plek waar mense nuwe vriende kan maak, kan uitreik na die minderbevoorregdes en ander kan uitnooi om deel te word van 'n geloofsgemeenskap waar almal hul bes doen om die Evangelie uit te leef.

Miskien is u parogie reeds al dié dinge, maar selfs die beste parogie kan verbeter as lidmate aktief daarin belangstel om die parogie te laat groei en floreer. Hier volg ses maniere om juis dit te doen.

### **Sien jousef as deel van die parogie familie.**

**1** Familielede deel in 'n erfenis en geskiedenis. Hulle glo in dieselfde dinge en deel dieselfde waardes en tradisies. Hulle aanvaar nuwe familielede met liefde.

Familielede stem nie noodwendig altyd saam nie, maar hulle verbintenis aan mekaar en familieband as geheel bly altyd die belangrikste.

*“Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is—as julle liefde teenoor mekaar het.”*

—Joh. 13:35

**2** **Wees verwelkomend.** Wanneer u oor die naweek byeen is vir die Heilige Mis, moet dit soos 'n groot familie reünie wees – met mense wat u goed ken of nie of selfs glad nie.

Stel jousef voor aan mense wat jy glad nie ken nie, veral as hulle in die kerk of by koffie en ander aktiwiteite alleen sit of staan. As hulle nuweling is, kan u aanbied om hulle 'n rondleiding te gee of aan ander lidmate voor te stel, of hulle net te vertel hoe lief u vir die parogie is. Geesdrif is aansteeklik! Hou ook u nie-verbale kommunikasie dop. Byvoorbeeld, as u aan die end van die kerkbank sit, moenie ander dwing om oor u te kruip om die middelste sitplekke te bereik nie. Onthou om te glimlag, Komplimenteer die mense rondom u op alles waaraan u kan dink, hoe mooi hulle sing of hoe oulik hulle kinders is.

*Elke keer as jy vir iemand glimlag, is dit 'n liefdesdaad, 'n geskenk aan daardie persoon, iets pragtigs.*

—Sint Teresa van Kalkutta

### **Stel u gawes en talente tot diens van die parogie.**

**3** God het elkeen van ons unieke gawes en talente gegee wat bedoel is om gedeel te word. Hou u daarvan om in die openbaar te praat? Word dan 'n voorleser. Is u van nature vriendelik en uitgaande, word dan 'n plekaanwyser of deel van die verwelkomingspan. U kan u diep liefde vir die Eucharistie deel deur 'n Buitengewone Bedienaar van Heilige Kommunie te word of 'n volwasse altaardienaar. Bespeel u 'n instrument of sing u, dan is die musiekbediening die regte plek vir u. Miskien is u in die onderwys, dan kan u help met geloofsopvoeding. Is u lief vir kinders, dan kan u help in die moederskamer. Enige kundigheid – besigheid, finansies, openbare betrekkinge, fotografie, befondsing, ingenieurswese, houtwerk, onderhoud van geboue, of selfs kook, bak, skoonmaak, of tuinmaak – het 'n plek in die parogie. Miskien is tyd u grootste gawe; as u alreeds 'n Buitengewone Bedienaar is kan u Kommunie na die siekes en bedlêendes neem. Of u kan help met die armsorg. Dalk het u 'n idee vir 'n nuwe bediening,

*Hoe sal ek die Here kan vergoed vir al die gunste wat Hy my bewys het?*

Ps. 116:12

steungroep, organisasie, en kan u entoesiasme ander besiel om betrokke te raak.

**Woon parogie funksies by.** Hoewel die Heilige Mis ons sentrale fokus bly, kan ander vieringe, aktiwiteite en gebeure u ook geestelik laat groei en help om gemeenskap te bou. Of dit nou 'n missie, wyksbiduur, massabraai of bingo is, maak gebruik van die kanse om nuwe mense te ontmoet, saam met ander lidmate te verkeer, en ook om hulle wat so hard aan hierdie geleentheid werk en dit te beplan van u waardering te laat weet. Nooi u gesinslede, bure en kollegas uit om saam te gaan – veral as hulle nie Katoliek is nie of dalk afgedwaal het. Hulle is miskien nog nie gereed om die Mis by te woon nie, maar dalk geniet hulle 'n parogie funksie, en om parogiane te ontmoet en die goeie dinge te sien wat die Katolieke Kerk aanbied.

**Steun u parogie finansieel.** U weet hoeveel dit kos om u huishouding aan die gang te hou. Parogies kos nog

**5** veel meer — en is afhanklik van die parogiane om die onkoste te dra. Bekyk u weeklikse bydrae tot die parogie ernstig. Vermeerder u dit soos lewenskoste styg? Dit wat 'n mens aan die Kerk gee is baie meer as 'n geldelike verpligting. Sodra 'n mens besef dat alles wat ons het eintlik 'n gawe van God is, sien 'n mens ook in dat om vrygewig te gee sodat God se werk in die parogie voorgesit kan word 'n wesenslike deel van ons spiritualiteit is.

*“Gee, en aan julle sal gegee word—'n goeie maat, saamgepers, ingeskud en tot oorlopens toe vol, sal in jul skoot val.”*

—Luk 6:38

**6** **Bid vir u parogie.** Dra u parogiepriester, parogie personeel en mede-parogiane daaglik in gebed op. Bid 'n Rosekrans of bring tyd deur in Aanbidding, of vas, of dra enige lyding, ergernis of ongerief wat u verduur in gebed op vir die welsyn van u parogie. Op hierdie manier sal u nie net geestelike gawes vir die parogie ontvang nie, maar ook persoonlik groei. U sal